U het, benewens wat Mnr. Cruywagen reeds beskryf het, n een gelling blik bevattende petrol binne- in die gebou onder n venster aan die Noordekant gevind?---
Dis korrek. Bewysstuk 16.

Met n stuk tou aan?---Met n stuk tou aan, ja.

Was hy so in die sak ook?---Die sak het langs- aan die blik gelê. Die blik was allenig, oop gewees, met die tou so aan hom.

Was daardie tou lank genoeg om die blik neer te kon laat deur die bolig waar u dit gekry het?---Dit 10
is nie n bolig nie, die venster vanself maak so half oop, en dit is heeltemal genoeg om hom daardeur te laat sak tot op die grond.

DEUR DIE HOF AAN GETUIE: Was die blik nog toe gewees?---
Die blik was oop asook hierdie. Die doppie was af van die blik af gewees. Hy was heeltemal oop, die blik.

MNR. BEYERS: Geen verdere vrae nie.

MNR. FISCHER: Geen vrae.

OP HIERDIE TYDSTIP VERDAAG DIE HOF VIR TEE.

BY HERVATTING:

20

PETRUS ALBERTUS FERREIRA, verklaar onder eed

Belt 55

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS:

Jy is n Speurder-Sersant in die Suid- Afrikaans Polise verbonde aan die Veiligheidsafdeling, Noord Transvaal, en gestasioneer te Pretoria?---Dit is so.

En jy is die ondersoekbeampte in hierdie saak?---Dit is reg.

GETUIE: Op die 12de Januarie 1964, het ek die toneel by die Waterkloof Pos Sentrale besoek, waar daar ver-

30

moedelik n ontploffing plaasgevind het, en soos alreeds deur ander getuies hier beskryf. By die toneel het ek n baksteen by die voordeur gekry. Ek het in die perseel rondgesoek, aan die Suidekant van die perseel het ek n afleivoor gevind. Die afleivoor wat gedeeltelik toe gespoel was met sand. Ek het daar n merk gekry wat aangedui het dat n voorwerp die grootte van die steen daaruit verwyder is. Ek het die baksteen op daardie plek ingepas, en gevind dat die baksteen presies in daardie merk pas. Op die 25ste Januarie....

10

Sersant laat ons net tog die steen afhandel, alhoewel ons...?---Na die arrestasie van Beskuldigde Nr. 3, het ek hom vergesel op ondersoek, waarop hy aan my sekere punte gaan uitwys het. Hy het onder andere hierdie pos sentrale aan my uitgewys, asook die presiese plek, min of meer die plek waar ek die merk gekry het op die 12de Januarie, waar die baksteen verwyder was. Hy het ook die omheining aan die voorkant van die gebou aan my uitgewys, asook die draad aan die Suidekant van die gebou, asook n aantal groot bloekombome aan die Suidekant van die gebou, ongeveer n 100 tree weg van die gebou. Op die 25ste Januarie 1964, as gevolg van instruksies aan my gegee deur Luitenant-Kolonel van Niekerk en Majoor Cilliers, in bevel van die Veiligheidsafdeling, Noord-Transvaal, het ek Bantoe Senior Speurder-Sersant Thomas Kgwele wat alreeds in hierdie Hof getuies afgelê het, gespreek, en my huis telefoonnommer aan hom verskaf. Op dieselfde dag, ongeveer 5.30 n.m. het genoemde persoon my geskakel, as gevolg waarvan ek hom gaan spreek het op n afgesproke punt. Hy was vergesel van Bantoe Speurder-Konstabel Bernard, wat ook alreeds getuienis in

20

30

hierdie saak afgelê het.

Mochesane?---Mochesane.

Sersant, terwyl ons nou met Bernard doenig is, het u ooit sy aantekeningeboek gedurende die tydperk wat hy op diens was the Mamelodi, gesien?---Dit was die eerste aand, na die wat ek vir Mochesane gesien het. Hy het n lang verslag aan my gedoen, en terwyl hy gepraat het, het hy die aantekeningeboek by hom gehad.

U het nooit die inskrywings daarin nagegaan nie?---Ek het nie die inskrywings nagegaan nie, maar hy 10 het, terwyl hy gepraat het, gelees in die boek asof hy sy gehue verfris, om sekere name en goed aan my te verskaf.

Met ander woorde, daar was in die boek geskryf?---Daar was in die boek geskrywe, ja. As gevolg van wat hy my meegedeel het, dit is nou Mochesane, het ek Bantoe Senior Speurder-Sersant Kumalo, wat verbonde is aan die Veiligheidsafdeling, Noord Transvaal, en gestasioneer is te Pretoria, en woonagtig is te Atteridgeville, Pretoria, laat waarsku dat hy daardie aand, dit is die aand van die 25ste, in sy huis moet bly, dat hy onder geen om- 20 standighede n deur of venster moet oopmaak indien daaraan geklop word nie. Op Sunday 26 Januarie 1964....

Sal ons dit kan opsom Sersant, deur te sê dat u sekere observaise werk gelas het in Mamemlodi, niks het gebeur, en jy het die observasie later afgelas? ---Afgelas, dit is so. Op die 27ste Januarie 1964 gedurende die aand het ek weer observasie gelas te Mamelodi, dit is Vlakfontein, ek vergesel van Speurder-Sersant Uys, het weereens na die Vlakfontein Polisie-stasie gegaan, wat nie ver van die punt af is waar die 30 ander Bantoe Speurders observasie gehou het nie. Die-

selfde aand, ongeveer 9.30 het ek vanuit daardie rigting twee pistoolskote gehoor. Ek het daarheen gegaan. Ek het die Bantoe Speurders daar aangetref. Beskuldigde Nr. 3 is aan my oorhandig deur Bantoe Speurder-Sersant Kgwele, asook Bewysstuk 10, asook Bewysstuk 17.

Dit is die kan waarin Bernard gesê het hy het petrol...?---Ek kan net noem dat toe die bewysstuk aan my oorhandig is, het hy nie hierdie prop op gehad nie, maar was daar van n papier wat gedraai was n prop ge-
maak wat daarop was. Ek het hierdie prop vir veiligheids- 10
redes self opgesit.

Het hierdie blik petrol bevat?---Hierdie blik bevat vloeistof wat ruik na petrol.

Dit bevat dit nou nog?---Ja, dit bevat nog dieselfde vloeistof, asook n briewetas Bewysstuk 15. Ek het die Beskuldigde Nr. 3 na Vlakfontein Polisiestasie geneem, nadat ek myself aan hom bekend gestel het, en by die polisiestasie het ek hom deursoek. In sy baadjie se sak in papier toegedraai het ek Bewysstuk 11....

Dit is...?---n Eye-Gene Eyedrop botteltjie, 20
wat ek oopgemaak het en gesien het dat dit n swart vloeistof bevat. Dit was in sy baadjie se boonste sak. Ook in een van die sysakke het ek Bewysstuk 12, dit is toilet papier met n vaalkleurige poeier daarin toegedraai gewees. Die botteltjie was nie daar gewees nie, ons het dit later in n botteltjie gegooi, gevind.

Met ander woorde die poeier...?---Was in die toilet papier toegedraai gewees.

En u het dit self in n bottel gesit om dit te bewaar?---Die mense van die Buro van Standaarde het 30
dit daarin gesit. Ook n plastiese sak wat ek inhandig as

Bewysstuk 21. In die briewetas het ek n rolletjie bruin plakpapier gekry...

Gegomde papier?---Gegomde papier, asook n rolletjie wat alreeds van gebruik was, kleefband, n Boksie vuurhoutjies, en n paar swart kleurige wol handskoene.

Bogenoemde ingehandig as Bewysstuk 22.---Ook in die baadjiesak van Beskuldigde, twee dasknopies of borsspeldjies, een met die kop van Mandela, en die ander een n South African Congress of Trade Unions wapentjie, gekry. 10

Ingehandig as Bewysstuk 23.---Daarna het ek beskuldigde in my kar gelaai en hom na die speurderskantore,

Wel, het u aan hom enigiets gesê daar by Mamelodi?---Ja, ekskuus tog, ek het aan die beskuldigde gesê dat hy in hegtenis geneem word op beweerde sabotasie. Ek het hom verder meegedeel dat ek voornemens is om hom onder Artikel 17, dit is 90 dae, aan te hou. Ek het dit aan hom verduidelik daar, en aan hom gesê dat hy aangehou word..sal aangehou word tot tyd en wyl, hy tot bevrediging van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie n verklaring van die aktiwiteite wat hy sal weet...waarvan hy weet, van Umkonto We Ziswe in Pretoria, en ook elders gemaak het. Op pad na die polisiestasie. 20

Het hy enigiets gesê in antwoord op wat u aan hom gesê het?---Die beskuldigde het op daardie stadium niks gesê nie, maar op pad na die polisiestasie het beskuldigde gesê dat dit lyk vir hom hy is gevang, hy sal maar praat. Ons het met Pretoriusstraat van Oos na Wes gery, en van Noord na Suid in Fontainelaan gedraai. 30

Dit is in nabyheid van...?---Dit is onmiddelik op die hoek waar ons kantore geleë is. Met wat ons indraai in die laan, het twee Bantoes aan die Westekant van Fontainelaan van Suid na Noord, dit is in ons rigting, gestap gekom. Beskuldigde het gesê daar kom Masupye, waarop Speurder-Sersant Uys wat die kar bestuur het, stilgehou het, uitgeklim het, na die Bantoe in die straat gegaan het en hom na die kar gebring het....

Dit is Masupye?---Dit is Masupye. Ek het gehoor Speurder-Sersant Uys vra aan Masupye "Ken jy daardie man" 10 verwysende na Beskuldigde Nr. 3. Masupye het in die kar gekyk en gesê "Ek ken hom, sy naam is Levy". Speurder-Sersant Uys en ander lede wat daar aangekom het, het die twee persone na die kantoor binne geneem. Ek het my kar gaan parkeer in die jaart waarna ek na die kantoor gegaan het. Daar het ek die twee persone aange-tref, dit is Masupye en Beskuldigde Nr. 3. Ek het hulle gespreek, nadat ek myself ook aan Masupye bekend gestel het, en hom verduidelik het dat hy aangehou gaan word kragtens Artikel 17, dis die 90 dae klousule, en dit vol- 20 ledig aan hom verduidelik het. Masupye het gesê hy is bereid om te praat, en hy het ook aan Levy Gesê, Beskuldigde Nr. 3, "Ons moet maar die waarheid praat". Ek het aan hulle gevra waar n pistool waarvan ek inligting het, hulle een besit. Masupye het aan Levy gesê "Gaan wys vir die mense waar hy is", of waar dit is, en "Wys hulle ook sommer waar die ander mense bly". Ek het Beskuldigde Nr. 3 wat hom bereid verklaar het om aan my die pistool te gaan wys, asook die ander lede, vergesel na Lady Selbourne, waar hy aan my Fontainestraat 1190, 30 die huis van die getuie Johannes Letoboko gaan uitwys het.

Ek het Letoboko nie tuis gevind nie, maar 'n Bantoevrou wie gesê het dat sy Letoboko se vrou is, daar aangetref. Ons het die kamer deursoek, en ek het gesien dat Bantoe-Speurder-Konstabel Freddie Dikgobo 'n voorwerp in bruin papier toegedraai, uit 'n gereedskapkas gehaal het. Ek het dit by hom geneem, dit oopgemaak en gevind dat dit Bewysstuk Nr. 6 was.

Dit is die pistool met die holster..?---Die pistool met die holster met die magasyn. Die magasyn was in die pistool gewees....

10

Met die patrone in?---Met ses patrone daarin. Ek het beslag gelê daarop. Ek het vasgestel dat Johannes Letoboko vermoedelik weens die paswet in hegtenis is, en het na Marabastad polisiestasie gegaan, waar ek Johannes Letoboko wel in hegtenis aangetref het. Ek het myself aan hom bekend gestel, en hom verwittig dat ek sy huis besoek het en dit deursoek het en 'n voorwerp daar gekry het. Ek het die pistool in bruinpapier nog steeds toegedraai aan hom getoon. Hy het gesê "Ek weet nie wat dit is nie".

20

Waar was Beskuldigde Nr. 3?---Beskuldigde Nr. 3 was teenwoordig gewees.

Sersant het jy deur middel van 'n tolk gepraat? ---Nee, ek het in Afrikaans gepraat. Hy het die papier omhulsel verwyder van die pistool, waarop Letoboko onmiddelik gesê het "O, daardie pistool, ek ken dit". Ek het hom gevra waar hy dit kry. Hy het gesê hy kry dit van Beskuldigde Nr. 3. Beskuldigde Nr. 3 het niks daarop gesê nie. Johannes Letoboko is toe ook kragtens Artikel 17 aangehou. Dieselfde nag nog het Beskuldigde Nr. 3 my na 'n huis in Lady Selbourne geneem, waar ek

30

Beskuldigde Nr. 4, Nelson Diale gevind het. Ek het hom meegedeel wie ek is, verduidelik die doel van my besoek aan sy huis, dat ek hom in hegtenis neem as lid of beweerde lid van Umkonto We Ziswe, en hom meegedeel dat hy gaan aangehou word kragtens Artikel 17, die 90 dae wet, wat ek aan hom verduidelik het. Ek het sy huis deursoek. In sy huis onder sy bed het ek n bruin papiersak gekry soos dit nou hier voor die Hof is, waarin daar n plastiese sak fyn houtskool is en d n nog stukke houtskool. Ingehandig as Bewysstuk 24. Die persone is almal na verskillende 10 polisiestasies geneem waar hulle aangehou is. Op die 29ste Januarie 1964, het ek Beskuldigde Nr. 4 gesprek by Marabastad polisiestasie. Ek het Bewysstuk 20 aan hom getoon.

Dit is die mes wat by die Sinagoge...?---Gevind sou gewees het. Ek het hom gevra of hy hierdie mes al vantevore gesien het, waarop hy gesê het, dat hierdie mes, Bewysstuk 20, sy eiendom is. Hy het verder gesê dat hy dit nooit uitgeleen het of dat dit van hom gesteel is nie. 20

Dit is n Switserse mes.---Op die 29ste Januarie 1964 het ek John Masupye, n getuie in hierdie saak geroep en gesprek waar hy aan my n sekere rapport gemaak het, as gevolg waarvan ek hom na Lady Selbourne vergesel het. Daar het hy my na n huis geneem en n Bantoevrou Mathilda Khosa, het ek daar aangetref. Masupye het aan haar in my teenwoordigheid gesê "Oorhandig die goedere wat ek by jou gelaat het aan die Speurders asseblief", waarop sy aan my Bewysstuk Nr. 7 oorhandig het.

Dit is n kartondoos...?---n Kartondoos bevattende houtskool. Sy het ook aan my n blik, Bewysstuk 30

Nr. 3 oorhanding, u Edele, met die inhoud soos dit vandag voor die Hof is, 'n plastiese sak asook 'n bruin bottel met 'n donkerkleurige vloeistof daarin, ook 'n wit koevertjie bevattende kapsules, dit is alreeds as 'n bewysstuk ingehandig. (BEWYSSTUK 9). Moutsupye het my na 'n kamer geneem waar hy 'n botteltjie permanganaat of potas BEWYSSTUK 5 aan my oorhandig het. Vandaar het hy my geneem na die noordekant van Lady Selbourne waar ons 'n berg uitgeklim het, oor die berg gegaan het tot aan die anderkant waarop hy aan my 'n plek langs hierdie berg uitgewys het waar daar rotse ongeveer 10 6 voet hoog is en aan die voet van hierdie rotse 'n plek wat tekens getoon het dat daar gegrawe was, daar was los grond, asook drie groot plat klippe bymekaar. Ek het daardie plek laat fotografeer (ingehandig BEWYSSTUK F). Foto Nr. 1 dui die toneel soos ons dit daar gevind het, foto Nr. 2 - ons het die los klippe verwyder en ongeveer 3 duim grond bo weggekrap waar daar 'n 4-gallon blik openbaar is, foto 3 toon hierdie blik waar hy bo-op die grond staan. Die blik is by die Hof ingehandig as BEWYSSTUK 13. In die blik het ek gevind 'n klein blikkie BEWYSSTUK 8 met plastiese sak daar 20 binne in, dit was sonder 'n deksel. In die blik het ek verskillende papiersakke gevind, u Edele,

Begin by 25, Sersant? -- BEWYSSTUK 25 papiersak bevattende geel poeier.

Dit kom voor swawel te wees? -- Dit kom voor soos swawel ja. Ook papiersak, gedeelte van bewysstuk 9, dit is kapsules BEWYSSTUK 9.

Leë kapsules? -- Leë kapsules.

In 'n Wit papier, swart poeier soortgelyk as houtskool, BEWYSSTUK 26. In bruin papier ook in 'n plastiese omhulsel 30 toegedraai, ook swart poeier, ook houtskool BEWYSSTUK 27. In 'n papiersak wit poeier vermoedelik salpeter BEWYSSTUK 28. In 'n blikkie ook in bruin papier, die blikkie bevattende

aluminium pasta BEWYSSTUK 29. Nog 'n pakkie bevattende 'n swart poeier, houtskool u Edele, BEWYSSTUK 30. Dit is die inhoud gewees van die blik. Op die 3de Februarie 1964 het ek van die verskillende bewysstukke deur my beslag op gelê monsters geneem, dit in ander houers geplaas, welke houers ek alger met amptelike Polisie seël 122 geseël het, 'n brief opgestel ...

Nou Sersant is dit moontlik om die besondere monsters in verband te bring met die bewysstukke soos hulle ingehandig is ? -- Ek sal dit doen u Edele. 10

Het u die bottels almal genommer van 1 tot .. ? -- Ek het die bottels genommer van 1 tot 17, u Edele.

Kan u daardie nou in verband bring met .. ? -- Bottel Nr. 1 soos dit daar staan, u Edele, ...

Is 'n deel waarvan ? -- Is 'n deel van BEWYSSTUK 10, u Edele.

Sal u net die bottel 'n klein verwysing op sit dat dit deel is van BEWYSSTUK 10, Sersant, asseblief ...? -- Bottel Nr. 2 ..

Monster Nr. 2 ? -- Monster Nr. 2 ...

20

MNR. BEYERS (aan die Hof)

U Edele mag dit miskien nie meer gerieflik wees as ons verdaag en Sersant Ferreira 'n skedule opstel van die monsters met die ooreenstemmende bewysstuk - ek dink dit sal gouer dan gaan.

(HOEF VERDAAG).

HOEF HERVAT:

PETRUS ALBERTUS FERREIRA n.o.e.

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS (vervolg)

Sersant u het nou die monsters met die bewysstukke korreleer en ek verstaan dat u ontdek het dat u 'n paar van 30 die bewysstukke nog nie ingehandig het nie? -- Nog nie ingehandig het nie. Op die 30ste Januarie 1964 het ek die

getuie Petrus Segwarithle na Bereastraat, Sunnyside, vergesel waar hy aan my oorhandig het wat ek nou inhandig as BEWYSSTUK 31, u Edele, 'n pak fyngemaakte charcoal asook papiersak bevattende heel stukke houtskool. Die aand van die arrestasie van beskuldigde Nr. 3 het ek ook nog in sy baadjiesak 2 wit pilletjies gekry, u Edele, dis die aand van die 27ste, ek handig dit in as BEWYSSTUK 32. Ek het 'n lys gemaak van die monsters wat aantoon die bewysstuknommer daar agter, Edele ...

Waarvan hulle monsters is ? -- Waarvan daar monsters 10 is, u Edele. (Lys ingehandig as BEWYSSTUK G).

U het al die monsters verseël soos u gesê het en u het dit op die 3de Februarie 1964 aan .. ? -- Aan die Buro van Standaarde oorhandig, u Edele. Op die 5de Maart 1964 het ek beskuldigde Nr. 1 en beskuldigde Nr. 3 gespreek. As gevolg van 'n rapport deur hulle gemaak het ek hulle vergesel op ondersoek, dit is die dag waarop beskuldigde Nr. 3 die pos sentrale in Brooklyn aan my uitgewys het wat ek alreeds aan die Hof beskryf het, u Edele. Daar is ook deur beskuldigde Nr. 3 aan my in die rante van Waterkloof 20 rif, bo in Kruinstraat, twee punte uitgewys. Die twee plekke wat deur hom uitgewys is, is gefotografeer, BEWYSSTUK H, fotos 1 en 2. Ook is ek deur beskuldigde Nr. 3 geneem tot by Bereastraat 577, daar het hy my tot voor in die straat geneem, en daar het beskuldigde Nr. 1 aan my 'n rapport gemaak, hy het my agter in die perseel in geneem waar hy 'n boom aan my uitgewys het, dit is ook gefotografeer (BEWYSSTUK J). Die is deur Nr. 1 uitgewys. Beskuldigde Nr. 3 het my geneem na 300 Olivierstraat waar hy 'n huis aan my uitgewys het, u Edele, asook die agter stoep van 30 daardie huis, asook die agter grens van daardie perseel wat van klip gepak is, u Edele. Daar is fotos van hierdie drie, die huis, die stoep asook die agterste klipmuur geneem,

wat ek inhandig as BEWYSSTUK K, u Edele.

Wie se woning is hierdie Sersant ? -- Daardie woning is die woning van Sy Edele Min. Dönges, Edele.

Die Minister van Finansies ? -- Die Minister van Finansies. Daarna het beskuldigde Nr. 3 my omgeneem na Kollegeweg, 'n entjie in Kollegeweg in gery waarop hy, beskuldigde Nr. 3, my gevra het om stil te hou. Beskuldigde Nrs. 1 en 3 het uit die voertuig geklim, ek het hulle vergesel, en hulle het voor in die straat gestaan, die twee van hulle het twee huise wat aan die Suidekant van die 10 straat is bespreek, na die bespreking is Kollegeweg 32 ...

32 of 31 ? -- 31, ekskuus Edele, dit is aan die Suidekant, aan my uitgewys. 'n Foto van hierdie huis is geneem BEWYSSTUK L. Hierdie huis was vroeër bewoon deur sy Edele Min. Vorster, minister van Justisie. Op die aand van die 29ste Januarie 1964 was ek 'n lid van 'n geselskap onder aanvoering van Lt. Kol. van Niekerk wat na Johannesburg gegaan het en daar het ons beskuldigde Nr. 1 in hegtenis geneem by sy huis. In sy huis het ek beslag gelê op die sak BEWYSSTUK 2 alreeds ingehandig, u Edele. 20

Was daar enigiets noemenswaardigs daarin gewees Sersant? -- Nee, daar was net, Edele, 'n plastiese sakkie waarin 'n tandeborsel, seep en 'n waslap was.

Sersant die dag wat u saam met die beskuldigdes was en u die huise in Olivier- en Kollegeweg gewys is, het enige van hulle iets anders aangewys? -- Beskuldigde Nr. 3 het die Sinagoge in Paul Krugerstraat wat as 'n Hooggeregshof gebruik word aan my uitgewys, u Edele.

Het hy enige besondere plekke daar uitgewys? -- Hy het aan my ...

30

Dit is ook op die 5de Maart ? -- Dit is ook op die 5de Maart u Edele. Hy het aan my die agterste kant die ringmuur wat van sinkplate is aan die Noordekant uitgewys

Hy het aan my 'n venster wat aan die Oostekant aan die agterkant van die gebou is uitgewys ...

Is dit hierdie foto ? -- Ja.

BEWYSSTUK E ? -- Ja. Dit is aan die binnekant u Edele, hy het die buitekant ...

Sal ons dit E.1 noem ..? -- Dit is ook gefotografeer en dit word duidelik getoon op BEWYSSTUK E.1 .. (onhoorbare tussenwerpsel). En as BEWYSSTUK E.2 is die venster ...

Sersant weet u of dit dieselfde venster is waar na bewering die .. ? -- Dit is dieselfde venster wat die 10 getuie John Mosupye op 'n stadium aan ons uitgewys het en daar kon ook duidelik aan die venster gesien word Edele dat die ruit van die linkerkantste venster regoor die knip nuut of onlangs ingesit gewees het, u Edele.

Is dit op E.2 ? -- Dit is op E.2, u Edele. Beskuldigde Nr. 4 het ook op 'n datum ...

Die 7de Maart ? -- Op die 7de Maart my na die Sinagoge geneem en die buitekant van die ringmuur soos aangedui op BEWYSSTUK E.1 aan my uitgewys.

En was dit net Nr. 4 beskuldigde wat jou daardie 20 dag vergesel het ? -- Nee, daar was nog iemand maar hy is nie in die Hof nie.

Wie was dit Sersant? -- Morris Matsimela.

Die persoon wat gister geweier het om getuienis te gee ? -- Die persoon wat gister geweier het om getuienis af te lewer.

En na watter plekke .. o, ek sien, met ander woorde die ander plekke wat uitgewys is, is net deur hom uitgewys? -- Net deur hom uitgewys, u Edele. Beskuldigde Nr. 4 het net die buite ringmuur van die Sinagoge uitgewys. 30

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. BEYERS.

(GETUIE STAAN AF VIR KRUISVERHOOR).

CHRISTOFUS VAN ROOYEN v.o.e.

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS:

Mnr. van Rooyen, u is 'n senior tegniiese beamppte aan die organiese analise laboratorium van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde? -- Ja, Edele.

U is in besit van 'n M.Sc. Graad van die Universiteit van Pretoria met skeikunde as hoofvak en u het 25 jaar ondervinding van skeikundige ontledings? -- Ja.

Op die 5de Februarie 1964 het u 17 monsters in bottels en ander houers almal verseël met Suid-Afrikaanse 10 Polisie seël 122 van Sersant Ferreira die laaste getuie ontvang? -- Ja, Edele.

Nou party van hierdie het u self ontleed - monster Nr. 1, op bladsy 3 van die verslag, in paragraaf 61, het u gevind was wat mnr. van Rooyen? -- Ek het gevind, Edele, dat die poeier as jy met 'n vuurhoutjie ...

Sê vir ons net wat dit was? -- Dit was 'n mengsel van kalium nitraat, swawel en ander onoplosbare swart poeier.

Die onoplosbare swart poeier het u aan mnr. Venter vir verdere analise oorhandig? -- Ja. 20

Monster Nr. 2, verskoning, monster Nr. 4, bladsy 4 van jou verslag mnr. van Rooyen bo-aan die bladsy - het u gevind is swawelsuur met 'n sterkte van ongeveer 91%? -- Ja, u Edele.

Monster Nr. 5 het u geïdentifiseer as 'n mengsel van kalium permanganaat en kalium kloraat? -- Ja, u Edele.

Monster Nr. 7 het u geïdentifiseer as swawelsuur met 'n sterkte van ongeveer 95%? -- Ja, Edele.

Monster Nr. 9 het u identifiseer as 'n mengsel van kalium nitraat swawel en onoplosbare swart poeier, d.w.s. dieselfde as .. dieselfde tipe as monster Nr. 1? -- Ja, 30 u Edele.

En al die monsters met uitsondering van die

hoeveelhede wat vir ontleding gebruik is, is later terug-
gehandig aan Sersant Ferreira ? -- Ja.

Het u terug gehandig aan Sersant Ferreira? -- Ja.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. BEYERS.

GEEN KRUISVERHOOR.

MARIA MAGDALENA JOOSTE v.o.e.

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS:

Juffrou, u is 'n tegniese beampte van die fisiko-
chemiese laboratorium van die Suid-Afrikaanse Buro vir
Standaarde ? -- Ja, u Edele. 10

En u besit 'n B.Sc. Graad van die Universiteit van
Stellenbosch ? -- Ja, u Edele.

Met fisika en chemie as hoofvakke en u het al 8 jaar
ondervinding van spektro-fotometriese metodes van ontleding
? -- Ja, u Edele.

U het sekere monsters wat u van mnr. Meyer van die-
selfde Buro ontvang het op die 10de Februarie ontleed en
monster Nr. 6 en 'n ander monster Nr. 8 albei synde 'n
geel gekleurde vloeistof, en u het gevind dat altwee van
hierdie monsters lood bevat deur gebruik van spektro- 20
fotometrie.

DEUR DIE HOF: Het wat bevat?

MNR. BEYERS: Lood. U Edele die bewering sal wees dat
petrol deesdae lood in het om die ... die belangrikheid van
die teenwoordigheid van lood in die vloeistof.

AAN GETUIE: En u het ook twee ander monsters gemerk
6.B en 8.B ook van mnr. Meyer ontvang en gevind dat albei
van hulle koolwaterstowwe bevat en koolwaterstowwe ver-
onderstel ek is die - petrol met ander woorde is 'n kool-
waterstof? -- Ja, petrol is een van die .. 30

Is 'n koolwaterstof ? -- Ja.

GEEN KRUISVERHOOR.

JOHANNES HENDRIK MEYER v.o.e.

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS:

Mnr. Meyer, u is 'n tegniese beampte in die petroleum afdeling van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde ? -- Dis korrek, u Edele.

U is die houer van 'n B.Sc. Graad van die Universiteit Oranje Vrystaat met fisika en wiskunde as hoofvakke ? -- Dis reg.

En u het al 8 jaar ondervinding in die toets van petroleum produkte ? -- Dit is korrek. 10

U het op die 5de Februarie 1964 van mnr. van Rooyen 'n vorige getuie, 'n monster ontvang in 'n bottel - twee monsters ontvang in bottels gemerk onderskeidelik BEWYSSTUK 6 en BEWYSSTUK 8 .. AAN DIE HOF: Edele, net duidelikheidshalwe, dit is wat ons hier as monsters 6 en 8 beskrywe om te onderskei van die .. met ander woorde hulle is monsters van BEWYSSTUK 16 en BEWYSSTUK 17 .. AAN GETUIE: U het hierdie ontleed en ook gedeelte van wat u ontleed het aan die laaste getuie oorhandig vir spektro-fotometriese ondersoek ? -- Dit is korrek, u Edele. 20

Wat het u gevind is hierdie twee monsters, het u tot die gevolgtrekking gekom na u ontleding en na inagneming van wat juffrou Jooste se ondersoek bewys het tot die gevolgtrekking gekom dat hulle albei mengsels is van petrol en smeer-olie ? -- Dit is korrek, u Edele.

In die verhouding: 21 dele smeer-olie tot 79 dele petrol ? -- Dit is korrek.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. BEYERS.

GEEN KRUISVERHOOR.

MARTIN JACOBUS VENTER v.o.e.

30

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS:

Mnr. Venter u is 'n assistent tegnikus in die fisiko-

chemiese analise laboratorium van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde ? -- Ja, u Edele.

En u het al 8 jaar ondervinding en is in diens as ontleder deur gebruik van fisiese metodes? -- Ja, u Edele.

Op die 5de van Februarie 1964 het u sekere monsters van mnr. van Rooyen ontvang ? -- Ja.

Nou laat ons hulle een vir een behandel, bewysstuk Nr. 2 wat ons nou hier .. monster Nr. 2 - kan u ons sê wat dit was ...

DEUR DIE HOF: Bewysstuk 31?

10

MNR. BEYERS (aan die Hof)

U Edele, enige nommer wat ek aan die getuie mag noem, ek mag miskien so nou en dan die fout maak deur as bewysstuk daarna te verwys deurdat hulle etikette op gehad het met bewysstuk op, ek probeer nou met betrekking tot wat die getuie hanteer het as monsters te verwys, maar hy mag miskien as bewysstuk daarna verwys omdat dit so aan hom voorgelê is. AAN GETUIE: Bewysstuk Nr. 2, mnr. Venter sal dit vir u duidelik wees as ek die woord 'monster' gebruik in plek van 'bewysstuk', met ander woorde as ek monster Nr. 2 sê dan bedoel dit bewysstuk Nr. 2 in u verslag - sal u ons sê waaruit het monster Nr. 2 bestaan ? -- U Edele dit het 'n botteltjie met 'n wit ...

Nee, nee, dit wil ek nie weet nie, ek wil weet wat was die uitslag ? -- O!

'n Botteltjie met swart poeier, wat was die swart poeier ? -- U Edele dit het .. ek het met behulp van ...

Nee, nee, moenie sê watter metode u gevolg het nie, wat was die resultaat ? -- Koolstof.

Monster Nr. 3 was? --Koolstof.

30

Monster Nr. 10 ? -- Die het hoofsaaklik swavel bevat, u Edele.

Monster Nr. 11 ? -- Monster Nr. 11 het hoofsaaklik

aluminium bevat.

Monster Nr. 12 ? -- Monster Nr. 12 het bestaan uit kalium nitraat, u Edele, met ander woorde salpeter.

Monster Nr. 13 ? -- 13 het uit koolstof bestaan.

En 14 ? -- Soortgelyk, u Edele.

Ook koolstof. 15 ? -- 15 het uit kalium kloraat bestaan, u Edele.

En 16 ? -- Kalium permanganaat.

En 17 ? -- Ook uit kalium kloraat u Edele.

U het ook op die 6de twee verdere monsters van 10 mnr. van Rooyen ontvang gemerk BEWYSSTUK 1 en BEWYSSTUK 9, kan u ons sê waaruit het monster 1 bestaan? -- Monster 1 was ook koolstof.

En monster 9 ? -- Dit was koolstof, u Edele.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. BEYERS.

GEEN KRUISVERHOOR.

KOOS MATLI s.s.

EXAMINED BY MR. BEYERS:

You are I understand the caretaker of the Guest House for chiefs at Mamalodi ? -- Yes. 20

And these houses are the property of the Department of Bantu Administration for whom you work ? -- That is correct.

And these houses are with the exception of one occupied by teachers and one house is kept available for the use by any visiting chief ? -- Yes and then there is one where I live, which I occupy myself.

NO FURTHER QUESTIONS BY MR. BEYERS.

NO CROSS-EXAMINATION.

30

(COURT ADJOURNS)

HOF HERVAT 27/8/1964:

PETRUS ALBERTUS FERREIRA v.o.e. (herroep)

VERHOOR DEUR MNR. BEYERS (vervolg)

Sersant die possentrale wat u na verwys het as die Waterkloof .. tenminste possentrale op die hoek van Mainstraat, Waterkloof, as wat is hy bekend ? -- As die Waterkloof/Brooklyn possentrale.

Telefoon-sentrale ? -- Telefoon-sentrale. In baie gevalle word na hom net verwys as die Brooklyn en in ander gevalle na die Waterkloof, maar dit is een en dieselfde 10 plek, u Edele.

DEUR DIE HOF: Verwys as die Brooklyn ? -- Brooklyn telefoon-sentrale en in party gevalle net as die Waterkloof possentrale, dit is een en dieselfde plek.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. BEYERS.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. FISCHER:

Sersant u was die ondersoekbeampte in hierdie saak? -- Dit is so, u Edele.

En ek dink u het dwarsdeur ^{die} getuienis in die Hof gesit? -- Ja, Edele. 20

U het na al die getuienis geluister? -- Ek het, u Edele.

En natuurlik dan het u ook alle nodige informasie aan my geleerde vriend verskaf waar .. ? -- Ja, Edele.

Blykbaar was u tenminste van die 24ste of voor dit in bevel van die ondersoek want dit was aan u wat Motchusana(?) gerapporteer het ? -- Dit was vanaf die 25ste Januarie vir die eerste keer.

Het u die planne beraam vir die 25ste tot die 27ste ? -- Hoe meen u die planne beraam? 30

Die planne om die konstabels daar te hê wanneer beskuldigde Nr. 3 ... ? -- Ja, u Edele.

En dan 'n paar vrae in die algemeen asseblief, in die

eerste plek in verband met Mosupye, ek meen dat hy meeste van die geboue en plekke uitgewys het aan u ? -- Edele Mosupye het alleenlik die Sinagoge, die huis te 300 Olivierstraat ..

300 Olivierstraat, wie se huis is dit ? -- Dit is die huis van sy Edele Dr. Dönges, Minister van Finansies. Dit is al plekke deur hom uitgewys aan my.

En die telefoon-sentrale ? -- Nee.

Die ander ministers se huise ? -- Nee, u Edele. Geen ander plekke aan my uitgewys nie, hy het alleenlik 10 net daardie twee plekke uitgewys.

Maar dan het hy vir u van die ander plekke vertel ? -- Edele ja, hy het 'n verklaring gemaak, nie aan my nie, wat op skrif gestel is, ek het daardie verklaring bestudeer en dan ook 'n onderhoud gevoer met hom.

Kyk sy verklaring, sy verklaring meld sekere 10 of 12 plekke ? -- Hy noem baie plekke in sy verklaring ja, u Edele.

En daardie verklaring is wanneer gemaak - ek dink dit moet vroeg in Februarie wees? -- Sy verklaring is 20 vroeg in Februarie, watter datum dit gefinaliseer is kan ek nou nie sê nie, u Edele.

Kan u sê voor die 10de ? -- Ek kan nie sê nie. Dit mag voor die 10de wees, dit mag daarna wees.

Voor die middel van die maand, was dit vroeg in Februarie gewees ? -- Edele dit is nou moeilik vir my om te sê wanneer sy verklaring .. ek het nie sy verklaring hier nie.

Kan u dit opsoek, is dit byderhand? -- Nee, ongelukkig nie.

30

As ek u bietjie kans gee later in die oggend sal u dit kan op soek - u sien ons kan aanneem meen ek dat al die plekke wat hy in sy getuieni~~e~~ genoem het die is in sy

verklaring ? -- Ja, u Edele.

Ek dink u meld selfs in u eie getuienis dat hy vir u al op die 29ste Januarie geneem het na die huis van Mathilda Khoza ? -- Dit is reg, Edelagbare, dit was daar waar hy die karton boks met steenkool aan my oorhandig het. Of houtskool.

Sodat hy al in Januarie die plekke en dinge begin uitwys het? -- Ja, Edele.

Nou wat Motchusane se verklaring betref, hy het ons gesê dat hy dit in Februarie gemaak het? -- Ja, u Edele, 10 die meeste verklaringe is gedurende Februarie, Maart geneem.

Het u daardie verklaring geneem? -- Ek het geen verklaring in hierdie saak geneem nie, Edele, van aangehoudendes, ek het wel van getuies wat nie aangehou is het ek verklaringe geneem.

Nou dan wat Mclefe betref, dit is beskuldigde Nr.3, u het ons vertel dat hy op die 5de Maart vir jou sekere plekke uitgewys het ? --Dit is so, Edele.

En ek dink sy verklaring is op die 6de Maart geneem alhoewel dit onderteken is op die 11de Maart ? -- Edele 20 ek het hom uitgeneem die 5de Maart en aan die lede wat verklaringe geneem het gevra waar sy verklaring is, waarop daar toe ontdek is dat daar nog nie van hom 'n verklaring geneem is nie, en onmiddellik die volgende dag is daar 'n aanvang geneem en ek reken dit het 2, 3 tot 4 dae in beslag geneem voordat die verklaring finaal afgehandel is. Ek dink die verklaring is deur Speurder Sersant Geyser geneem.

Wat sy aantekeninge betref, Sersant, die boekie aantekeninge wat nou 'n bewysstuk is, ek dink dit is 19 ? -- Ja, dit is reg. 30

Dit is 'n bewysstuk ? -- Dit is 'n bewysstuk.

Die het u blykbaar nooit gelees nie? -- Nee.

En selfs meen ek nooit gesien behalwe wanneer hy aan

u rapporteer het ? -- Rapporteer het, het hy die boekie by hom gehad en van bladsy na bladsy gegaan.

Is dit op die een geleentheid alleenlik gewees? -- Dit was alleenlik op die agtermiddag van die 25ste Januarie 1964, u Edele.

Dit is die enigste keer wanneer u ooit daardie boekie gesien het ? -- Ja, u Edele.

En sover u weet het niemand anders dit gesien nie? -- U Edele Speurder Adjudant Offisier Coetzer het die verklaring geneem en ek kan onthou dat ek het op 'n 10 stadium in sy kantoor gekom en hy het .. daardie boekie het op die tafel gelê, so Adjudant Offisier Coetzer het ook daardie boekie gesien.

Wel daardie boekie of 'n soortgelyke boekie ? -- Of 'n gelyksoortige boekie.

U het nooit gesien welke veranderings hy daarin gemaak het nie? -- Nee, Edele.

U onthou dat ek Motchusane hieroor gevra het ? -- Ek kan dit onthou ja, u Edele.

En wat hy gesê het omtrent die veranderings wat 20 hy aangebring het?, -- Ja, u Edele.

Om die regte indruk te skep dat dit gemaak is op die dag wanneer hy daardie besondere ondervindings gehad het? -- Nee ek het sy antwoord vertolk, u Edele, dat hy gesê het dat hy het die inskrywing gemaak nadat hy die gesprek met 'n spesifieke persoon gehad het en nie tydens die gesprek nie, en dat hy toe die verkeerde tye gebruik het en dit lateraan reggestel is.

Ja, sodat dit 'n ander indruk sou skep as wat dit daar geskep het, maar laat dit opsy want dit is 'n 30 kwessie van argument ? -- Ja.

U sien want ek wil hê dat u net 'n verdere punt moet behandel, daarna toe Motchusane klaar was met sy getuienis,

met my kruisvrae, het my geleerde vriend meen ek vir u gevra wat die werklike posisie is in verband met die aantekeninge, my geleerde vriend mnr. Beyers ? -- Ja, u Edele.

En daarna het hy sekere vrae gestel? -- Ja, u Edele.

Ek wonder of u net sal luister, so naby as moontlik het ek die vrae self afgeskrywe, die eerste vraag was dit: Did you show your notes to your superior officers between the 17th and the 27th ? -- Dit is so, Edele, ek het daardie vraag gehoor. 10

En die tweede vraag: When did you first show your notes to a superior officer ? -- Ja, Edele.

Die informasie waarop my geleerde vriend daardie gevra het, moes natuurlik van u gekom het nie waar nie ? -- Ja, u Edele.

Met ander woorde u het aan die hand gedoen dat Motchusane wel sy aantekeninge aan iemand gewys het? -- Nee, u Edele.

Het my geleerde vriend dit somar uit sy duim gesuig? -- Nee, wat ek wel aan mnr. Beyers die Aanklaer gesê het 20 is dat die Bantoe Speurders hou wel aantekeninge en daardie aantekeninge word nagesien, en dit is moontlik dat iemand voor ek op die toneel verskyn het op die 25ste daardie aantekeninge kon gesien het en as gevolg daarvan is daardie vraag aan Motchusane gestel, u Edele.

U het gesê dit is moontlik dat wat ? -- Dat iemand voordat ek op die toneel verskyn het op die 25ste daardie .. kyk ek het niks met hierdie aangeleentheid te doen gehad voor op die 25ste nie, u Edele, ek het nooit geweet dat daar eers so 'n man hierheen gekom het tot voordat ek die verslag - of die instruksies van 30 Lt. Kol. van Niekerk op die dag van die 25ste ontvang het nie.

Maar dit is nou heeltemal duidelik dat hierdie ~~man~~ se aantekenings nooit nagegaan is nie? -- Nee, dit is nie.

Dus wat u van hom wou kry deur my geleerde vriend se vrae, was of daar iemand voor die 25ste daar gekom het? -- U Edele soos ek alreeds gesê het, word daardie aantekeninge, word die boekies van Naturelle Speurders wel nagegaan, en daar was in hierdie geval net die moontlikheid dat dit wel deur 'n persoon wel nagegaan gewees het, wat ek nie van geweet het nie, sou van geweet het nie.

Ek gaan na 'n ander onderwerp, Sersant, en dit is 10 wat gebeur het op Vlakfontein toe u vir beskuldigde Nr. 3 in hegtenis geneem het? -- Hy was reeds in hegtenis toe ek hom .. ek het hom net oor geneem.

Wel u het hom gesê u neem hom in hegtenis en hy sal aangehou word onder die 90 dae Wet? -- Ja, Edele.

Tot hy bevredigend antwoord insake Mkonto We Sizwe en wat uitgevoer is in verband met Mkonto? -- Nee, Edele, ek het nie dit aan hom gesê nie.

Wat het u gesê? -- Ek het aan hom die implikasies van daardie artikel verduidelik wat bepaal en wat sê 20 dat 'n persoon kan aangehou word totdat hy in die denke van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie 'n bevredigende verklaring afgelê het. Ek het net aan beskuldigde Nr. 3 verduidelik wat van hom verlang sal word. is die beweging van Mkonto We Sizwe in Pretoria

En elders? -- Ek mag aan hom genoem het van hulle leier van Johannesburg u Edele.

En daar het hy toe u sê in u hoofgetuienis - daarop het hy niks gesê nie? -- Op die verduideliking wat ek aan hom gegee het, u Edele, omtrent die verklaring het hy niks gesê nie. 30

Waar was hierdie gesprek gewees? -- In 'n kantoor by die Vlakfontein Polisiestasie, u Edele.

Het enige persoon vir hom daar aangerand ? -- Nee, u Edele.

Was daar enige poging om hom oor te haal om te praat of 'n verklaring te maak ? -- Daar?

Ja? -- Nee, u Edele.

Was daar enige aanranding gewees in die motorkar op pad Pretoria toe ? -- Nee, u Edele.

Maar volgens u op pad Pretoria toe, op pad na die Polisiestasie, het hy toe gesê hy sien hy is gevang, hy gaan nou maar praat ? -- Ja, u Edele. 10

En daar was niks aanleiding tot hierdie toestemming, daar was geen aanleiding .. ? -- Edele, daar het 'n lang gesprek in die kar plaasgevind tussen my en die beskuldigde Nr. 3 voordat hy daardie woorde gebruik het, voordat hy daartoe ingestem het om te praat. Ek het nie daarna in my getuienis in hoof verwys nie, ek sal ook verkies om nie nou daarna te verwys nie aangesien dit die beskuldigde mag benadeel.

So u het 'n lang gesprek gehad wat hom mag benadeel ? -- Ja, Edele. 20

En toe het hy somar aangebied ..? -- As gevolg daarvan toe sê hy, dit is die woorde: Ek sien nou ek is gevang en ek sal 'n verklaring maak.

Hoe het julle gesit in die kar ? -- Speurder Sersant Uys het bestuur, ek het langs hom voor gesit, die beskuldigde het agter die bestuurder gesit en 'n Bantoe Speurder het direk agter my in die kar gesit.

Dit was Bantoe Speurder Simon .. ? -- Simon Matjeni gewees.

Was daar nie drie agter gewees nie - het die 30
beskuldigde nie tussen twee ander gesit nie ? -- Edele
nee, ek kan my nie ..

U kan nie onthou nie ? -- Nee, Edele.

Nou toe kom julle by Fonteinlaan ? -- Ja, Edele.

Is dit die naam van die straat ? -- Dit is die naam van die laan, Edele.

En daar het julle ingedraai van Noord na Suid - dit wil sê julle het links gedraai? -- Links in hom gedraai, dit is so. Van Noord na Suid.

Nou wil ek graag hê dat u die besonderhede gegee van wat daarna gesê is in die kar - presies wat is gesê ? -- Die presiese woorde sal ek nou nie kan herhaal wat daar gesê is nie, maar beskuldigde Nr. 3 het 'nBantoe wat 10 na ons aangestap gekom het, in ons rigting op die sypaadjie uitgewys en gesê daar kom Mosupye. Speurder Sersant Uys het toe die kar gestop ...

Nee wag ek wil eers die gesprek hê voordat ons by die verdere gebeurtenisse kom,.. ? -- Dit is al wat daar gesê is, sover ek kan onthou.

Het die kar nog beweeg of het die kar tot stilstand gekom ? -- Nee, die kar het nog beweeg op daardie stadium. Toe hy dit gesê het, en toe onmiddellik daarna is die kar tot stilstand gebring. 20

En hoever was Mosupye toe van julle af gewees ? -- Wel toe Speurder Sersant Uys uitgeklim het uit die kar uit was hy sal ek sê so 2 tree skuins voor die kar gewees.

Voor die kar ? -- Ja, op die sypaadjie.

Dit wil sê 2 tree voor die voorwiel van die kar ? -- Ja, voor, skuins voor die kar.

En dus hy het gestap, hy het saam met iemand gestap, dit is Mosupye ? -- Ja, Edele.

En dus kan 'n mens aanneem dat hy 4, 5 tree voor die kar was toe beskuldigde die woorde gebruik het ? -- Dit kan 4, 5 tree wees, dit kan selfs meer wees, u Edele. 30

Kan u enigiets verder onthou van die gesprek, wat het dit voorafgegaan, die woorde wat hy gebruik het of het

julle toe nie meer gepraat nie? -- Ja, Edele, dit is op 'n stadium alreeds nadat die beskuldigde Nr. 3 te kenne gegee het dat hy sal praat en hy het ons toe vertel van die aktiwiteite van Mkonto We Sizwe in Pretoria.

Ja

MR. BEYERS (to the Court)

My Lord, with respect this comes dangerously close to being a confession and I don't think even questions in cross-examination can make an inadmissible confession admissible. (Discussion). 10

MR. FISCHER: (to the Court)

My Lord, I'm not trying to extract any confession, I'm laying the basis for some further questions which I shall put to this witness. AAN GETUIE: Natuurlik dit is presies dieselfde woorde wat Mosupye gesê het is gebruik, dit het u in die Hof gehoor nie waar nie? -- Watter woorde?

Mosupye het gesê iemand het gesê terwyl hy daar deur Fonteinlaan stap: Daar kom Mosupye? -- Dit is gesê daar, u Edele. 20

En dit is in Afrikaans gesê? -- Dit is in Afrikaans gesê ja.

En u beweer dat Mosupye daardie woorde van Molefe gehoor het? -- Die kar se vensters was oop en ek kan nie sien hoekom nie, dit is 'n stil plek daar, hoekom hy dit nie sou gehoor het nie. Hy kon dit wel gehoor het.

Al die kar se vensters oop? -- Ja, Edele.

Selfs die twee agter? -- Selfs die twee agter ja.

Julle het so pas van Vlakfontein gery? -- Ja.

Teen 'n gewone spoed? -- Teen 'n gewone spoed. 30

Met al die vensters oop? -- Op 'n warm somer-aand met Bantoes in die kar wat ons almal die reuk van ken, u Edele, al die vensters oop.

U sien Mosupye het nie aan die hand gedoen dat dit Molefe se stem was nie - Mosupye het nie aan die hand gedoen dis Molefe se stem nie? -- Nee, Edele, ek weet.

Hy het sy stem, dit weet ons nou, goed geken? -- Ek glo nie daar was ooit aan hom gevra wie die persoon is wat gepraat het nie, Edele.

Wat het Molefe verder gesê, het dit daar gebly? -- Daar kom Mosupye, en dit het daar gebly.

Toe stop julle? -- Toe stop ons. Speurder Sersant Uys het uitgeklim. 10

En Mosupye gearresteer? -- En Mosupye gearresteer.

Waarom het hy hom gearresteer? -- U Edele, ek weet nie of die Verdediging wil hê ek moet daardie vraag antwoord nie.

Gee u aan die hand Sersant dit is iets wat Molefe vir jou op die pad gesê het? -- Ja.

Het julle niks geweet van Mosupye voor hierdie tyd nie? -- Wel net wat deur Motchusane aan my vertel is.

Is dit die eerste maal wat u gehoor het dat Mosupye in enige van die soort ding deelneem? -- Die eerste keer 20 wat ek die naam Mosupye gehoor het, Edele.

Dit word nou baie interessant. Hoe lank was u hier in Pretoria gewees? -- Edele ek is sedert 1957 in Pretoria gestasioneer, ek is verbonde aan die insolvensie personeel gewees tot op die 24ste Maart 1963 waarop ek na die Veiligheidsafdeling getrek is, en deel gevorm het ...

DEUR DIE HOF: Ekskuus tog, tot watter datum was u op insolvensie? -- Tot op die 24ste Maart 1963.

Toe oorgeplaas? -- Toe oorgeplaas, nie na die Veiligheidsafdeling Noord Transvaal nie, Edele, maar na 'n ondersoek span wat onder bevel van Lt. Kol. van Niekerk 30 gestaan het en met die ondersoek van Politieke misdrywe sal ek sê behulpsaam was dwarsdeur die land.

MNR. FISCHER (vervolg)

Ek is jammer, ek het nie daardie datum gekry nie? --
24 Maart 1963.

En onder andere vermoedelik in Pretoria ook? -- In
Pretoria ook ja, Edele.

Want dit is waar u gestasioneer was? -- Ek sal sê
my kantoor was hier gewees. Ons het tot nou onlangs nie
geweet waar is ons gestasioneer nie, u Edele.

Onder andere sou u dan ook ondersoek het wat 10
Mkonto hier mee besig was? -- Ek het met daardie ondersoek
'n aanvang geneem op die aand van die .. of wel die middag
van die 25ste Januarie 1964 vir die eerste keer, u Edele.

Nou Mosupye het ons vertel in sy getuienis dat
hy onmiddellik gewillig was om vrae te beantwoord om 'n
verklaring te maak? -- Wel die eerste keer wat ek met hom
gepraat het in my kantoor het hy hom bereid verklaar om te
praat, u Edele.

Was dit nog die aand? -- Ja, Edele, daardie
selfde aand.

Soos hy dit hier verklaar het, onmiddellik toe 20
hy sien dat Molefe gevang is toe besluit hy hy moet nou
maar uitkom met alles wat hy weet? -- Ja, dit is die
besluit wat hy geneem het wat ek nie van sal weet nie, u
Edele.

En in ieder geval dit het hy vir u duidelik gemaak
onmiddellik na u die kar parkeer het, is dit die posisie
? -- Ja, Edele, ek het gaan die kar parkeer en na die
kantoor gegaan.

Die posisie dus was dat julle toe - ek weet nie
hoe laat was dit wat julle daar aangekom het nie, ek dink
u het gesê omtrent 11.30 gewees? -- Nee, Edele, nee, 30
dit was baie vroeër. 9.30 was die arrestasie gewees by
Vlaktefontein, dit moes seker in die omtrek van 10-uur gewees

het ja.

'n Paar minute na 10 uur was die posisie dus dat julle daar twee persone gehad het beide waarvan heeltemal gewillig was om vir u alles te vertel wat hulle van weet? -- Ja, u Edele.

Was daar enige aanranding by die Sentrale Polisie-stasie gewees? -- Nie wat ek gesien het nie.

Het u die gevolge daarvan gesien - letsels, beserings? -- Toe ek met die twee beskuldigdes gepraat het het geen-
een van hulle enige beserings of letsels gehad nie. 10

U weet nie of hulle aangerand is nie? -- Nee.

Kon hulle aangerand gewees het? -- Hulle kon ja, Edele.

Mosupye praat dus miskien die waarheid wanneer hy sê hy is die ergste aangerand? -- Ja, Edele, ek was nie altyd teenwoordig nie.

Waarom sou hy aangerand gewees het? -- Ek weet nie.

Geen idee nie? -- Nee.

U het nog nooit enige een van die beskuldigdes self aangerand nie? -- Nee, Edele, ek het nie. 20

U weet dat Mashaba 'n saak ingestel het? -- Ja, Edele, ek weet.

Vind u dit komies? -- Ja, Edele.

Dit is waarom u lag? -- Ja, Edele.

Het u Matibela, Nr. 8, se baard uitgetrek? -- Nee, Edele.

Op geen stadium nie? -- Op geen stadium nie.

Is dit ook komies? -- Dit is ja, Edele.

Hy maak dit somar op as hy dit sê? -- Dit is nie die eerste beskuldiging van aanranding wat aan my gemaak word nie, u Edele. 30

Ongelukkig, Sersant, word daardie aantyging baie maal gemaak nie waar nie? -- Baie, u Edele.

U sien dan het Mosupye ook 'n storie opgemaak wanneer hy sê dat wat die aanranding van hom betref, u dit stopgesit het? -- Ek het nooit enige aanranding stopgesit nie, ek het nooit enige aanranding gesien nie.

En u het nooit die handboeie op Mashaba se arms so styf gemaak dat hy nie die pyn kon verdra nie? -- Ek gebruik nooit handboeie nie, u Edele.

En Molefe is gladnie aangerand nie? -- Nie tot my kennis nie, u Edele.

U het nie gesien dat hy bloei nie? -- Hy het 10 nie gebloei daardie aand nie, op geen stadium wat ek met hom gepraat het of gesien het nie, het hy ooit gebloei nie, u Edele.

Sersant Ferreira waar was dit dat Mosupye aan Molefe gesê het dat hy die rewolwer moet gaan uitwys waar dit in 'n huis is? -- Die aand van die arrestasie, u Edele, in my kantoor.

Dit was Mosupye wat daarop aangedring het? -- Ja nie aangedring nie, hy het net gesê aan Molefe Nr. 3 beskuldigde. 20

En u sê Nr. 3 beskuldigde het somar ingestem? -- Ja, Edele.

U sien hy sal sê dat hy hewig gestry het met Mosupye, hy het gesê vir Mosupye as jy dit wil uitwys gaan doen dit self? -- Edele hy het dit nie gesê nie.

U sien Sersant ek is seker u sal 'n rede daarvoor hê maar dit is eienaardig dat Mosupye se verklaring wat vroeg in Februarie gemaak is en Molefe se verklaring eers die 6de, 7de, 8ste? -- Daar is niks eienaardigs daaromtrent nie, niks snaaks daaromtrent nie, u Edele. 30

Is dit nie die feit dat Molefe geweier het om 'n verklaring te maak nie? -- Nee, u Edele, hy het nie geweier nie.

En dit is dan toeval .. by toeval dat hy eers begin plekke uitwys het op die 5de Maart ? -- Nee, u Edele, ook nie.

U Weet Mosupye het gesê dat hy geneem is na al die beskuldigdes en na al die samesweerders en dat hy hulle probeer oorhaal het om verklarings te maak ? -- Ek het dit gehoor, u Edele, dit mag so wees, ek het dit nie gedoen nie, soos ek sê daar was 'n hele aantal ander lede gewees wat die verklarings geneem het. Wat hulle alles gedoen het sal ek nie weet nie, u Edele. 10

Wel het u enige rede om te twyfel wanneer Mosupye die Hof vertel het dat hy dit wel gedoen het ? -- Nee gladnie, u Edele.

U sê dit mag wel so gebeur het ? -- Dit mag wel so gebeur het, dit sou die werk baie vergemaklik het, u Edele, want hier is 'n klomp mense aangehou wat ondervra moes word en as hulle leier vir hulle sê wel ek gaan praat en julle moet ook maar die waarheid praat dan gaan dit 'n langdurige ondervraging uitskakel. Daar sal ook onthou word dat Mosupye die het gesê hy het nie aan 20 een gesê wat om te sê nie hy het net aan hulle gesê hulle moet die waarheid praat.

Hoe weet u dit as u nie geweet het van sy besoeke aan die anders nie ? -- Hy het dit hier in die Hof gesê, Edele.

Kan u enige ... net so 'n oomblikkie, omtrent die stelsel van die ondersoek, u is in bevel daarvan nie waar nie? -- Ja, u Edele.

En dit is manne wat onder u werk ? -- Nee, Edele daar is baie van hulle wat my senior is, daar is drie 30 Speurder Adjudant Offisiere by ver my senior is.

Maar in hierdie geval het u dit georganiseer ? -- Wat georganiseer?

Die ondervraging en wie .. ? -- Nee, u Edele.

Wat was dan die - wat is u posisie as ondersoek-beampte ? -- Edele as ondersoekbeampte sal ek al die verklarings wat geneem word in ontvangs neem, ek sal hom bestudeer, ek sal persone wat daarin genoem word wat nie in hegtenis is nie sal ek verantwoordelik wees vir hulle arrestasies of dat hulle gespreek word, dit was my verantwoordelikheid gewees om indien persone praat van iets wat hulle .. plofstowwe of bestanddele wat hulle mag besit dit te gaan verkry, in bewaring te neem, en die saak 10 voor te berei sodat hy uiteindelik voor die Hof kan dien.

Alle verklarings dus wat geneem is sou in die eerste instansie aan u oorhandig word ? -- Ja, Edele.

Sodra hulle geneem is ? -- Nee, Edele, daar is baie gedeeltes van verklarings terwyl hulle besig was om verklarings te neem aan my oorhandig.

Ek sien, dan sou u kennis dra van die verklaring soos hy ontwikkel ? -- Ja, Edele.

Dus kry u kennis daarvan in werklikheid voor hy nog klaar is ? -- In Party gevalle het ek wel, in party 20 gevalle het ek eers die verklaring gesien na hy klaar was.

Maar wanneer hy klaar is kom hy direk na u toe? -- Dan kom hy na my toe.

Wat sê u is die rede waarom Molefe se verklaring eers op die 6de Maart mee begin is ? -- Edele, hoekom sy verklaring nie vroeër geneem is nie weet ek nie. In die geval van beskuldigde Nr. 3 en Mosupye was dit nie vir my nodig om hulle verklarings te lees of te bestudeer voordat ek enige stappe kon neem in verband met hulle kennis nie, u Edele. 30

So u weet nie wat die rede is waarom hy so laat geneem is nie ? -- Nee, Edele.

U sien u dra sê u geen kennis van die besoeke

aan Mosupye by beskuldigde Nr. 3, maar hy sal getuig dat Mosupye tweemaal na hom gebring is ? -- Dit mag so wees.

Waar sou dit plaasgevind het ? -- Ek weet nie, u Edele.

Het u geen kennis daarvan nie ? -- Ek het geen kennis daarvan nie hulle was by my in my kantoor, beskuldigde Nr. 3 en Mosupye. Nie net op een geleentheid nie. Ek het nooit met die twee saam gelyktydig 'n onderhoud gevoer nie maar beskuldigde Nr. 3 sou bv. in my kantoor wees dan sou hy uitgeneem gewees het en dan sou Mosupye 10 ingebring gewees het, en hulle kon daar mekaar gesien het in die algemene kantoor waar hulle gehou word kon hulle met mekaar gesels het seker, ek weet nie.

En as Mosupye vir hierdie taak gebruik is dan sou dit daar gewees het wat hy vir beskuldigde Nr. 3 sou gesê het of enige ander beskuldigde dat hulle moet praat? -- Nie vir beskuldigde Nr. 3 nie want beskuldigde Nr. 3 het op daardie stadium .. ek weet nie watter stadium u nou na verwys nie maar hy het alreeds gepraat vanaf die eerste aand van arrestasie. 20

Dit is wat u sê Sersant? -- Dit is wat ek sê ja en ek kan indien u daarop wil ingaan kan ek vir u sê hoekom ek so sê ..

Ons weet u kan nou sê Sersant .. ? -- Nee, ek kan vir u sê dat daardie aand is daar mense gearresteer bv. Alfred Nkadimeng u Edele wat nie een van die ander geweet het van nie maar beskuldigde Nr. 3 het sy naam aan ons verskaf asook sy adres.

Goed Sersant ons sal verder gaan. Ek wil u nou vra omtrent wat gebeur het as gevolg van die rapport wat Motchusana aan u gemaak het op die 25ste, dit was die 30 Saterdag nie waar nie? -- Dit was die Saterdag gewees ja, u Edele.

Nou watter stappe het u geneem as gevolg van daardie rapport ? -- U Edele daardie rapport het verskeie onderdele sal ek dit noem, bevat, en as gevolg daarvan is verskeie deur my geneem - wil u alles weet?

Laat ons eers die stappe neem wat op Vlakfontein geneem is ? -- In verband met Vlakfontein is geen stappe geneem nie, of ek kan nie sê geen stappe nie maar 'n aantal lede is gewaarsku om op bystaan by hulle huise te wees en kon onmiddellik gekry gewees het indien hulle benodig word, maar sover as obserwasie en daardie het ek geen 10 stappe geneem nie.

Dit is omdat Motchusane vir u gesê het die plofstof is nie reg nie en daar gaan geen ekspedisie wees op Vlakfontein nie? -- Op Vlakfontein nie, dit is so, u Edele.

Nou kom ons by die ander stappe, maar voor ek dit vra wil ek u vra of Motchusane u vertel het by die rapport wat hy gemaak het op die Saterdag namiddag, het hy vertel van wat hy daardie Saterdag uitgevind het nie waar nie ? -- Edele ja van daardie Saterdag, hy het aan my vertel wat 20 hy uitgevind het vanaf die datum wat hy hier aangekom het.

So u het dan ook .. ? -- Dit is die eerste onderhoud wat ek met hom gehad het daardie en ek het volledig al die inligting wat hy aan my kon verskaf het van hom verkry.

Dus sou hy u vertel het van die aand van die 16de wat daar gebeur het ? -- Ja, van ...

En van wat gebeur het op die Vrydag, die vorige Vrydag ? -- Hoe meen u die vorige Vrydag?

Kyk die Saterdag is die 25ste ? -- Ja. 30

Vermoedelik het hy u ook vertel wat hy op Vrydag uitgevind het, die 24ste ? -- Ja, Edele, ek kan nie presies nou sê watter dae het hy alles uitgevind nie.

Maar hy het 'n volle verslag gegee van alles wat hy uitgevind het vandat hy daar .. ? -- Vandat hy daar aangekom het.

Nou as gevolg daarvan watter stappe het u in Lady Selbourne geneem , ekskuus, in Atteridgeville? -- Dit is in verband met Bantoe Speurder Kumalo, ek het hom net laat waarsku soos ek reeds in die Hof gesê het dat hy daardie nag nie sy .. onder geen omstandighede moet hy oopmaak 'n deur of venster indien daar aan geklop word nie.

Enigiets anders ? -- Nee, u Edele. 10

Is u seker daarvan? -- Ja, Edele.

En dit dan is al die stappe wat u geneem het i.v.m. die verslag van Motchusane? -- Sover as wat dit Saterdag-aand aanbetref ja u Edele.

Laat ons net absoluut duidelik wees, op Vlakfontein is die konstabels gewaarsku dat hulle moet reg wees indien dit nodig is? -- Ja, hulle moet op bystaan by hulle huise wees, en senior Sersant Thomas Kwele wat alreeds in hierdie hof getuienis afgelê het sal in kontak gebly het met hulle alger.

Niks verder vir hom gesê nie ? -- Hy het al 20 .. vroeër die dag het ek my telefoonnommer aan hom gegee en dat hy my onmiddellik by die huis moet skakel indien hy enigiets .. inligting ontvang.

Nou laat ons net opsom wat u daardie aand geweet het, daardie namiddag of laat die namiddag, u het op daardie stadium natuurlik geweet Mampane en Molefe en .. ? -- Motchusane ..

Hmmm ? -- En Motchusane ..

Mampane en Molefe is lede van Mkonto ..? -- O! Ja, u Edele. 30

Mampane sou Saterdag-aand volgens wat hy gesê het in Mamalodi gaan werk .. nee, ekskuus, die plofstof het

nie aangekom nie dus sou daar nie 'n ontploffing plaasgevind het nie ? -- Daar sou geen ..

Maar Molefe het gesê hy gaan Atteridgeville toe om laat in die nag vir Kumalo dood te skiet ? -- Dood te skiet ja, u Edele.

U sien ek vind dit interessant, Sersant, dit sou natuurlik vir julle belangrik gewees het om vir Molefe te vang ? -- Om wie te vang?

Vir Molefe te vang as hy indien sou poog om moord te pleeg ? -- Ja, Edele. 10

Geen poging is aangewend om 'n val te stel vir hom nie? -- Nee, Edele.

Geen poging is gemaak om moontlik hulp te voorsien vir Kumalo nie, in geval daar in werklikheid 'n skietery daar gekom het ? -- Nee, Edele.

Geen poging is gemaak om te voorkom wat die vroeër plan van Molefe was en dit was om plofstof by Kumalo se huis te gebruik ? -- Edele as gevolg van die feit dat die plofstof die Saterdagand nie reg was nie, is daardie aspek uitgeskakel. 20

Onee, Sersant, onee, die plofstof was nie reg gewees daardie middag nie maar volgens Motchusane sou Molefe daardie aand die plofstof gaan haal het ? -- Nee, die volgende oggend.

Neem dit aan vir die oomblik, as Molefe die plofstof in werklikheid Saterdagand gekry het dan sou hy dit gebruik het volgens sy eerste plan? -- Hy sou dit moontlik gebruik het ja, Edele.

En die eerste plan het ook die idee bevat dat daar by Kwele(?) se huis plofstof sou/^{gebruik}gewees het ? -- Ja, 30 hy was bewus daarvan. Kontak het met hom geskakel, Motchusane.

U sien Sersant, dit is natuurlik duidelik vir u

dat dit 'n groter misdaad is om 'n rewolwer te gebruik met die bedoeling om te moor as sabotasie wat geen persoon sal beseer nie ? -- Dit is nie te sê dat as daar sabotasie gepleeg word geen persoon sou beseer word nie. Daar is nou onlangs persone op die stasie gedood in sabotasie.

Volgens u mening ? -- Nie volgens my mening nie.

Sersant antwoord my vraag - ek sê dit moet vir u duidelik wees dat 'n poging tot moord 'n baie ernstiger misdaad is as 'n sabotasie waar niemand beseer word nie 10 - waar gesorg word dat niemand beseer word nie? -- Daar word gesorg dat niemand beseer word nie maar daardie voorsorg werk nie altyd nie, u Edele.

Ek wil dit nie met u redeneer nie, ek vra u of dit vir u duidelik is dat dit 'n groter misdaad is ? -- Albei is vir my ewe groot, u Edele.

Dit is net so .. vir u is dit net so 'n misdaad om 'n leë huis op te blaas as om 'n rewolwer te neem om moord te gaan pleeg? -- Die doel is dieselfde, u Edele.

So u beskou hulle as dieselfde? -- Ja, dit 20 is dieselfde, die doel is dieselfde waarvoor daardie misdaad gepleeg word.

Volgens u dus was daar geen besondere rede om Molefe te probeer vang met die rewolwer nie ? -- U Edele omtrent Saterdag-aand, as dit is waarna mnr. Fischer verwys, is daar geen verdere stappe geneem by Kumalo se huis nie omdat eerstens het Molefe gesê dat hy weet nie waar daardie huis is nie, en ook volgens Motchusane het hulle al 'n paar keer probeer vasstel en tot op daardie aand was dit nog nie vasgestel nie en sou dit baie onwaarskynlik gewees het dat hy daardie aand sou gegaan het na 30 daardie huis by Kumalo - van Kumalo.

Die Saterdag-aand? -- Die Saterdag-aand.

Vind u dit ongemaklik, ek sien u voel so aan u kraag ? -- Dit is 'n aanwendsel van my daardie, hinder dit u miskien?

Nee .. ? -- O!

Sersant die Sondag is daar geen voorsorgmaatreëls getref nie ? -- Die Sondag-aand?

Ja? -- Die Sondag-aand is daar obserwasie gehou te Vlakfontein.

Maar op Atteridgeville is daar geen voorsorgmaatreëls getref nie ? -- Nee, Edele. 10

En op Maandag-aand ook nie ? -- Nee, Edele.

U sien ek gaan die Hof vra om te sê dat hierdie heeltemal onaanneembaar is ? -- Dit staan u vry om enige aansoek aan die Hof te doen.

Dat daar gedreig is deur Molefe om Kumalo dood te skiet. Toe Motchusane u dit vertel het, het u dit as ernstig beskou ? -- Ek beskou alles as ernstig in my werk, u Edele.

Met ander woorde u het gemeen dat dit in die minste 'n moontlikheid is dat daar 'n aanval op Kumalo se huis sou plaasvind ? -- Edele soos ek alreeds gesê het na aanleiding van wat Motchusane aan my vertel het, aan my gerapporteer het, was ek tevrede dat daar op daardie Saterdag-aand geen aanslag op enige persoon deur beskuldigde Nr. 3 gemaak sal word nie. 20

En dit was omdat hy nie geweet het waar Kumalo se huis is nie ? -- Baie ander punte wat in aanmerking geneem kan word, u Edele, daardie ...

Voor ons na die ander punte gaan, die een punt het u al genoem? -- Daardie een punt is, my insiens 30 was die belangrikste punt wat my tot daardie besluit laat kom het, u Edele.

(HOF VERDAAG).

HOF HERVAT:

PETRUS ALBERTUS FERREIRA n.o.g.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. FISCHER (vervolg)

Sersant, ek dink ons was besig gewees met die een vername rede ? -- Van Kumalo ..

Waarom u nie verder stappe gedoen het nie en u sou dan verder punte genoem het - ek dink u wou verdere punte genoem het ? -- Nee, ek wou nie punte noem nie, ek het gesê daar was verskeie redes, Edele.

Ja, verskeie redes wat 'n mens aan kon dink 10 is die woorde wat u gebruik het ? -- Ja.

Het u destyds aan hulle gedink of dink u nou daaraan? -- Nee, Edele, dit is nie wat ek aan gedink het nie, dit is feite gewees, Motchusane het aan my gesê dat beskuldigde Nr. 3 het gesê dat die plofstowwe is nie gereed nie, so ek het dit uitgeskakel dat daardie aand 'n aanslag met plofstowwe op Kumalo se huis sou gemaak geword het. Kumalo is 'n Bantoe senior sersant, baie jare al in die Mag, hy is 'n groot man en kan na homself kyk, hy is uitgereik met 'n diens rewolwer - indien daar moeilikheid 20 was sou hy homself kon verdedig het, u Edele.

Enige ander redes ? -- Nee.

So u was dan bereid om dit oor te laat aan Kumalo om homself te verdedig ? -- Edele laat ek dit so stel: ek het gedobbel en die dobbelspel het afgekom ja.

Hier was 'n lid van Mkonto wat moontlik moord sou probeer pleeg, julle kon hom daar gevang het as hy gekom het, en in stede daarvan het u gedobbel en dit het afgekom ? -- Ja, Edele.

Is dit nie in werklikheid baie meer waarskyn- 30 lik Sersant dat daar nooit hierdie gevaar bestaan het ? -- Edele ek weet nie wat die persone wat daardie aanslag uitgewerk het dink of gedink het toe hulle dit uitgewerk

het nie, of hulle dit in werklikheid gaan uitvoer of nie gaan uitvoer nie, dit is 'n rapport wat aan my gemaak is en dit is die stappe wat ek nodig gevind het om te neem om Kumalo te beveilig.

Sersant as 'n mens dit van buite af beskou - onpartydig beskou, is dit nie baie meer waarskynlik dat daar nooit in werklikheid daardie dreigement gemaak is deur Molefe nie? -- Edele ek kan nie dit sê nie.

Wel as u na u eie handelswyse kyk, lyk dit nie asof u dit nie ernstig geneem het nie? -- Ek het dit 10 ernstig geneem, daarom het ek hom laat waarsku, u Edele. Die rapport wat ek gekry het was dat 'n aanslag met 'n vuurwapen op sy lewe gemaak gaan word. Indien hy in sy huis is wat toe is, sal daardie aanslag baie moeilik gemaak kan word, u Edele.

U wil nie aan die hand gee dat 'n aanvaller nie 'n venster kon breek of 'n deur oopskop? -- Wel u Edele as ek in 'n huis is met 'n vuurwapen en 'n persoon is besig om 'n deur oop te skop, glo ek nie hy sal hom heeltemal oopgeskop kry nie. 20

In iedere geval, ons kom terug tot die hoof rede wat u ons gegee het en dit is dat Molefe vir Motchusane gesê het hy weet nie waar is die huis nie, hy het die huis nog nie gekry nie? -- Hy weet nie waar die huis is nie ja.

U sien Sersant tensy Motchusane nie ernstig was met sy getuienis is dit juis die teenoorgestelde wat Molefe hom Saterdagmiddag vertel het? -- Nee, Edele, dit is wat Motchusane in hierdie Hof gesê het. Motchusane het in hierdie Hof gesê dat Molefe aan hom gesê het dat hy het nog nie die huis gekry nie maar hy is beduie en sal dit 30 maklik kan kry.

En het u dit nie ernstig geneem nie? -- Nee, u Edele.

Het u miskien van daardie getuienis vergeet toe u aan die hand gegee het dat die hoofrede was dat hy nie die huis sou kry nie? -- Ek het nie gesê dat hy nie die huis sou kry nie, ek het gesê dat hy nog nie die huis oorgesoeek het nie, u Edele.

U sien hier is die woorde wat Motchusane gebruik het: He said he had not yet .. dit is in sy hoofgetuienis? -- Ja, u Edele.

He said he had not yet gone to Sergeant Kumalo's house. He said someone had directed him very well 10 where the house was ? -- Ja, Edele.

And he would go the same night after all were asleep, knock at the door, and as soon as Sergeant Kumalo opens the door he would kill him ? -- Ja, Edele, nou het ek daardie voorsorg getref dat Sersant Kumalo daardie deur nie sou oopgemaak het nie.

Wat is die adres van Mampane se huis ? -- Hy is in Vlakfontein, u Edele, ek kan nie nou die nommer onthou nie.

U het die nommer geken ? -- Beskuldigde Nr. 3 20 het my na die huis geneem op die aand van die 29ste Januarie 1964.

En wat het u daar gaan doen? -- Ek het gaan kyk of Mampane daar is.

Het u ooit weer daarheen gegaan ? -- Nee, Edele.

Ooit iemand daarheen gestuur ? -- Nee, Edele.

Ooit gesoek na Mampane ? -- Mampane is opgespoor vir mnr. Fischer se informasie, daar is 'n verklaring van hom geneem, u Edele, en hy is beskikbaar om in hierdie Hof te kom getuienis aflê, maar al daardie goed sien ek nie 30 wat dit met hierdie saak te doen het nie, die ondersoek van alle sake berus uitsluitlik by die Polisie, u Edele, deur 'n wetsbepaling en die metodes van hoe ons die sake

ondersoek en wat ons met persone doen glo ek nie het dit met die verdediging in hierdie saak enigsins iets te doen nie, u Edele.

Laat dit aan my oor wat met die verdediging iets te doen het, ek kan u die versekering gee dit het baie met die verdediging te doen? -- Ja, ek weet u wil graag weet of hy in Kontak is, hy is nie in Kontak nie.

DEUR DIE HOF: U sê hy is nie in kontak nie? -- Polisie kontak nie.

Nie? -- Nee, u Edele.

10

MNR. FISCHER (vervolg)

Ek wil nie weet of hy in Polisie kontak is nie, ek wil weet of Motchusane die waarheid gepraat het. So hy is onopgespoor? -- Hy is opgespoor, hy is beskikbaar.

Wanneer? -- Ek kan nie presies sê wanneer nie, 2, 3 dae daarna. Vroeg in Februarie in elk geval, u Edele.

By sy huis? -- Ek weet nie waar hy opgespoor was nie, ek het hom net op kantoor gesien.

Hy het 'n verklaring gemaak? -- Hy het 'n verklaring gemaak ja, u Edele.

En hy is nooit in hegtenis geneem nie? -- Hy is 20 nooit in hegtenis geneem nie.

En hy het by sy huis gewoon van toe af tot vandag toe? -- Ja, hy het 'n vaste werk ook. Hy werk vandag nog by sy selfde werk.

En waar is dit? -- Nederlandse Bank.

Wanneer het u hom laas daar gesien? -- Ek het Mampane vroeg in Februarie by die Speurders kantoor gesien en nooit weer daarna nie.

Maar u weet hy is by sy huis, hy het by sy huis gewoon? -- Ek weet hy is beskikbaar.

30

En dat hy 'n vaste werk het by die Nederlandse Bank.? -- Ek weet ook dat beskuldigde Nr. 6 se vrou

Maandag-aand met 'n briefie daar was om vas te stel waar hy is, u Edele.

O, dit is interessant, Sersant, Maandag-aand daar gewees ? -- Ja.

En hoe het u dit geweet? -- Dit is aan my meedeel u Edele.

Deur? -- Ek is nie bereid om te sê nie.

Een van die staf ? -- Een van die staf.

Was daar enige rede waarom Mampane op of net voor die 17de Augustus van sy huis af weg is? -- Ek weet nie, 10 u Edele, ek sê ek het die laaste vir Mampane gesien in Februarie en daarna nooit weer nie.

Die 17de was die dag wat hierdie saak begin het ? -- Of hy daardie dag weg is van sy huis af weet ek ook nie.

Enige rede waarom hy nie in hegtenis geneem is nie? -- Ja, Edele, hy het onmiddellik 'n verklaring begin maak toe hy gesprek was, hy het 'n vaste adres waar hy bly met sy familie, en hy het 'n vaste werk, u Edele.

20

U weet Sersant dit is van toepassing meen ek op feitlik al die beskuldigdes en die samesweerders ? -- Nee, dit is nie, u Edele.

Wel die meeste van hulle het vaste werk gehad en ook huise ? -- Meeste van hulle het 'n vaste werk gehad maar nie 'n vaste huis nie. 95% van hulle het nie 'n vaste huis gehad nie.

So die oorwegende rede dan wat Mampane betref is dat hy 'n vaste huis gehad het? -- Hy het onmiddellik begin praat, hy het vaste werk gehad en hy het 'n vaste 30 huis waar hy met sy familie gebly het, u Edele.

En dit is waarom julle nie vir 'n lid van Mkonte in hegtenis geneem het nie ? -- Dit is so, Edele.

Tussen hakies, toe julle op die 5de rondgery het met beskuldigdes Nr. 1 en 3, het julle geweet - julle het geweet waarheen julle ry, nie waar nie, na die verskeie huise en verskeie geboue? -- Nie al die huise nie, u Edele.

Wel bv. u het geweet waar die Minister van Justisie se huis was? -- Ons het nie geweet nie, u Edele.

Het jy nie daardie nommer 31 opgeskrywe nie? -- Daardie dag toe die huis aan my uitgewys is.

U sien die twee beskuldigdes sê julle het 10 geweet waarheen om te ry? -- Nee, u Edele.

En u het geweet van Mosupye se verklaring dat dit een van die huise is wat oorweeg is? -- Ja, u Edele, ek glo nie daardie adres word in Mosupye se verklaring aangegee nie.

Wat was die adres? -- 31 Kollegeweg, die Minister van Justisie se huis.

Het u nooit die moeite gedoen om dit op te soek nie? -- Nee, Edele,

Dan is daar 'n laaste ding wat ek op wil terug- 20 kom en dit is die getuienis van Mosupye wanneer hy sê dat terwyl hy daar by die Sentrale Polisiestatie aangerand was het u daar gekom en vir hulle gesê hulle moet ophou? -- Nee, Edele, ek glo nie hy het gesê ek het gesê hulle moet ophou nie, hy het gesê ek het gesê "wô".

Ja, hulle moet stopsit daaraan? -- Nee, Edele, dit beteken nie stop - hulle moet dit stopsit nie, hulle het die woord "wô" gebruik.

Wat het dit beteken, om stadiger aan te rand? -- Daar was geen aanranding gewees toe ek daar ingekom het 30 nie, u Edele.

Maar wat beteken die woord? -- Ek weet nie, hy het hierdie woord gebruik, hoekom hy hom gebruik het weet

ek nie, u Edele. Toe ek in die kantoor ingekom het, het die twee, dit is Mosupye en beskuldigde Nr. 3 en verskeie Bantoe Speurders en as ek kan onthou 'n aantal Bhanke Speurders in die hoek van die kantoor gestaan wat 'n groot kantoor is, ek het by die deur ingekom waar .. my tafel staan onmiddellik by die deur as jy instap, en wat ek gesê het is, ek mag gesê het "wô" of ek mag gesê het "haai bring daardie mense hiernatoe ek wil met hulle praat". Hulle is na my toe gebring daar by die tafel waar ek met hulle gepraat het. 10

U sou moontlik gesê het "wô" om aan te dui dat hulle die mense moet bring? -- Ja watter aanspreekvorm ek op daardie stadium gebruik het kan ek nie presies onthou nie, u Edele.

Maar ... ? -- So indien hy sê die woord "wô" was gebruik sal ek dit nie ontken nie, u Edele.

Maar kyk hy het heeltemal duidelik gesê, hier is een passaat uit sy getuienis: It was at that stage that Sergeant Ferreira came in on the scene and stopped the beating? -- Nee, Edele. 20

Dit is onwaar ? -- Dit is definitief onwaar.

Hy het dit somar opgemaak? -- Hy het dit seker opgemaak, u het gehoor ook dat hy gesê het die Wet maak voorsiening dat indien 'n persoon gearresteer word deur die Polisie moet hy geslaan word!

Daar is een ander punt, Sersant, u was in die kar wat van die sentrale stasie af gegaan het na Lady Selbourne nie waar om na Letoboko se huis te gaan ? -- Ja daar het twee voertuie gegaan, u Edele.

Twee na Letoboko se huis ? -- Twee na Letoboko se huis en daarna twee weer na beskuldigde Nr. 4 se huis. 30

Dis reg, en toe julle by beskuldigde Nr. 4 se huis kom toe was daar ook 'n Polisie kar daar gewees? --Nee,

dit is net die twee voertuie wat gegaan het, daar was nie nog 'n ander voertuig gewees nie. Ons het in gelid gery, ek, Speurder Sersant Uys, beskuldigde Nr. 3 en moontlik nog een of twee ander persone het voor gery met beskuldigde Nr. 3 wat die pad aangedui het.

Van Letoboko se huis is julle toe met Klipstraat op tot by .. of is dit Alexandrastraat op .. ? -- Wel ek ken nie die strate nie, ons het van Letoboko se huis 'n paar draaie gery en toe stilgehou voor ...

Dit is 'n straat wat reguit oploop teen die 10 berg en dan op die laaste straat draai jy regs om .. ? -- Om by Nr. 4 se huis te kom ja, u Edele.

Dis reg nê ? -- Ja.

So dit is nou duidelik dat van Letoboko se huis af het julle na Nr. 4 se huis gery? -- Ja, Edele.

En nie soos u in u hoofgetuienis gesê het dat julle eers Marabastad toe gery het nie? -- Ek het nie gesê ons het eers Marabastad toe gery nie. Ek het gesê dat ons het ...

Ek het ' afgeskrywe wat u gesê het .. ? -- 20
Ja, Edele, ek het 'n aspek eers klaar behandel, ek het gesê dat ons het Letoboko se huis deursoek en 'n pistool gekry, hy was nie daar nie, ek het later vasgestel dat hy by Marabastad Polisie is waar ek hom gaan spreek het, daarna het ek gegaan na die arrestasie van Nr. 4, dis nie te sê dat soos ek dit beskryf het dit plaasgevind het nie, u Edele, ons het klaar gemaak in Lady Selbourne waarop ons toe teruggekom het. Nr. 4 en Nr. 3 is op daardie tydstip toe ook aangehou op Marabastad.

Wel dit is die indruk wat dit by my geskep 30
het ? -- Nee, dit is ..

Miskien is dit verkeerd ? -- Ja, dit is.

Sersant daar is net een ding, ek wil graag die

datums hê van die verklarings van Mosupye, van Mampane en van .. ? -- Mampane se verklaring dink ek is afgesluit op die 6de April 1964, Edele.

Motchusane s'n ? -- Mampane, u het gevra Mampane. Mampane, op die 6de April ? -- 1964.

En Motchusane - wel kyk dit is nie hier nie, ek het met my geleerde vriend dit bespreek en ons gaan vir 'n verdaging vra, miskien na die verdaging .. ? -- Ja, ek kan dit gee dan.

Na die Staatsaak gesluit is kan ons die datums 10 kry, Motchusane, Mampane .. ? -- En Mosupye.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MNR. FISCHER.

GEEN HER-VERHOOR.

SAAK VIR DIE STAAT.

Mnr. Beyers gee toe daar is geen saak teen beskuldigde Nr. 6 en dat hy op sy ontslag geregtig is.

Mr. Fischer formally applies for discharge of Accused No. 6. ACCUSED NO. 6 FOUND NOT GUILTY AND DISCHARGED AT THIS STAGE.

Mr. Fischer applies for postponement in order to prepare defence case. 20

State does not oppose application.

Mr. Fischer applies for Court Order to call Walter Sisulu, who is at present in gaol, as witness. Application in terms of section 216 of the Criminal Code.

Mr. Beyers addresses Court - submits evidence by this witness would be immaterial and scarcely relevant.

Mr. Fischer replies.

BY THE COURT/..

BY THE COURT:

Application has been made that the evidence of a certain person who is now in gaol be ordered to be present go give evidence on behalf of the accused. At this stage it seems to me that I should not make that order and if necessary my reasons if required could be supplied in writing but at this stage the application will be refused.

(CASE POSTPONED TO 8/9/1964).

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.